SARIE
01 Jun 2011, p.54

Anders maar tog dieselfde

Laurika en haar Karoo-Engelsman

Sy die sangeres, hy die liedjieskrywer. Nou vier **Laurika Rauch** en haar man, **Christopher Torr**, hul kreatiewe jare saam met die musiekblyspel *Stuur groete aan Mannetjies Roux*

deur MARTIE SWANEPOEL *foto* PHYLLIS GREEN *stilering* FANIE CRONJÉ

Langs die tafel op hul ruim stoep in Pretoria sit Laurika Rauch en Christopher Torr – beste vriende, huweliksmaats oor dekades en 'n gedugte span wat met woord, stem en musiek treffers kan skep. Jy kan maar sê die duet van Laurika en Wouter van de Venter, "Beste vriende", is op haar en Christopher van toepassing:

ons is anders maar tog dieselfde
ek is ek en jy is my beter helfte
ons was miskien een in 'n vorige lewe
maar nou is dit om't ewe
die helfte of dieselfde

Chris, Engelssprekend en eintlik 'n ekonoom van beroep, het deur die jare van Laurika se mooiste liedjies geskryf: "Op Blouberg se strand", "Die gang", "Stille Waters" en natuurlik die onvergeetlike "Stuur groete aan Mannetjies Roux".

Dis oor laasgenoemde dat hulle vandag so opgewonde is. Die repetisies vir hul gelyknamige musiekblyspel het begin en hulle kan nou maande se harde werk op die verhoog sien. Dit open in Mei in Pretoria* en SARIE is die media-tydskrifvennoot.

"Dis moeilik om mense in die teater te kry as die liedjies heeltemal onbekend is, maar as jy bestaande treffers gebruik, is daar klaar 'n lokmiddel," sê Chris. "Met die skrywery was ek baie gesteld daarop dat die produksie nie net soos 'n versameling van Laurika se musiekvideo's moet lyk nie. Die liedjies en storie moes mekaar aanvul. Ek wou nie hê die liedjies moes herhaal wat in die storie gebeur en andersom nie."

Sedert hy liedjies vir sy vrou skryf, geniet hy die uitdaging om met woorde 'n storie te vertel in die enkele minute wat 'n liedjie duur. Maar dit was 'n uitdaging om met liedjies en teks 'n twee uur lange storie te vertel.

"Nadat ons die liedjies vir die musiekblyspel saam gekies het, het ek alleen gewerk en toe eers die voltooide produk vir Laurika gewys. Ek doen dieselfde met my liedjies. >

Hare en grimering Lesley Whitby Foto geneem by Atterbury-teater

SARIE
01 Jun 2011, p.55

'WAT SOU MY LOOPBAAN SONDER SY STEUN EN SY LIEDJIES GEWEES HET?'

Laurika Rauch oor haar man, Christopher Torr

SARIE
01 Jun 2011, p.56

< Ek werk tot drie maande aan een, verwerk dit op klavier of kitaar, en sal net soms haar raad vra oor die korrekte gebruik van 'n Afrikaanse woord of frase."

Laurika vertel hy ken haar en haar stem en die vloei van liedjies al so goed dat hy dit tegnies korrek vir haar skryf om te interpreteer.

"Hy weet dat die woorde nie geforseerd moet wees nie, en sal my byvoorbeeld nooit 'n lang noot op 'n kort vokaal gee nie omdat hy my stem ken. My bydrae tot die liedjies is minimaal."

Maar Chris verskil van haar. Hy meen haar bydrae is juis groot omdat sy die liedjies vertolk en op die verhoog lewe gee.

"Ek ken sy Karoo-Afrikaans [hy het op 'n plaas grootgeword] so goed dat ek nie eens altyd sy grammatika-foute hoor nie, maar ek is darem daar as 'n klankbord as hy vashaak met die Afrikaans," vertel Laurika.

Chris verkies om in Afrikaans te skryf.

"Ek kan baie meer gekonsentreerd in Afrikaans werk omdat my woordeskat nie so groot is nie. Ek glo nie dat 'n liedjie te slim moet wees nie. As ek in Engels probeer skryf, sal ek die taal dalk te gekompliseerd probeer maak.

"Ek vertrou Laurika se oordeel. As sy nie instinktief van 'n liedjie hou nie, sal ek dit nie eens vir 'n ander sanger aanbied nie. Ek sal daaraan skaaf totdat sy daarvan hou. Daar het al 'n liedjie in 'n laai beland omdat dit nie gewerk het nie."

Laurika sê sy is nie soseer perfeksionisties as wat dit vir haar gaan om die presisie en dissipline van wat op die verhoog werk of nie werk nie. Sy en Chris verstaan dit albei so.

Chris het al liedjies vir mense soos wyle Juanita Claassen en Tolla van der Merwe geskryf, asook vir Frank Opperman, Ronél Erasmus en Arina de Witt, maar hy verkies om vir Laurika te skryf.

"My inspirasie is waarneming en gesprekke tussen mense. Hul presiese woorde wat die taal anders laat klink. Ek gebruik graag iets bestaande soos 'n idioom en swaai dit dan om sodat dit verskillende betekenisse het. Vir my kan 'n refrein dieselfde woorde hê, maar die betekenis kan elke keer verskil."

Hy en Laurika ken mekaar van universiteit af en het in dieselfde sosiale kringe beweeg. Sy het hom dus hoor sing en kitaar speel, maar nie eens besef haar man kan klavier speel toe sy in 1984 met hom getroud is nie.

"Sy het my wel in 'n stadium gevra of ek nie liedjies kan skryf nie, want sy hou van my manier van stories vertel. Ekself het nie gedink dit gaan later so uitwerk nie," vertel hy.

Hy het sy skryftalent eers ontdek toe hul dogter, Nina, al twee jaar oud was. André Viljoen van die platemaatskappy Mac Villa Music het 'n paar liedjies van die Duitse sanger Udo Jürgens aan Laurika gegee en voorgestel dat sy dit vertaal. Omdat sy in daardie stadium reeds saam met Anton Goosen 'n kampvegter was vir die ontwikkeling van oorspronklike Afrikaanse liedjies het sy nie dadelik belang gestel nie. Onder die liedjies was "Guten Morgen mein Liebes". Chris het daarna geluister en stilletjies begin werk – en so is "Op Blouberg se strand" gebore.

"Omdat ek nie Duits verstaan nie, kon ek dit nie vertaal nie en moes ek my eie interpretasie gee," verduidelik hy. Laurika was bewoë toe sy die liedjie die eerste keer hoor. "Dit is nie 'n vertaling nie, maar eintlik 'n hele nuwe liedjie," sê sy.

'EK VERTROU LAURIKA SE OORDEEL. AS SY NIE INSTINKTIEF VAN 'N LIEDJIE HOU NIE, SAL EK DIT NIE EENS VIR 'N ANDER SANGER AANBIED NIE'

Christopher Torr, Laurika se man

Party liedjies gebeur vinniger as ander. "Stuur groete aan Mannetjies Roux" is in 'n naweek geskryf, maar dit is die gevolg van maande se emosies en kennis wat op een plek saamgekom het.

Laurika glo die nalatenskap van Chris se liedjies is juis dat hy soveel diepte en lae van interpretasie in sy liedjies het. "Dit is hoekom hy so lank daaraan werk."

Sy besing die groot invloed wat hy op haar loopbaan gehad het. "Wat sou my loopbaan sonder sy steun en sy liedjies gewees het?"

Sy was baie weg van die huis en het Chris en die kinders gemis. "Dis moeilik as jy as ma heeltyd op pad is iewers heen. Dit word 'n lewenspatroon waarby jy aanpas en as jy by die huis is, maak jy op daarvoor. Ek *perform* al vandat ek vyf jaar oud is. Klavier, koor, drama en selfs ballet saam met die grasieuse Mynie Grové. Chris het dus geweet waarvoor hy hom inlaat toe ons getroud is. Ek het vanselfsprekend baie van Simon en Nina se kinderjare misgeloop. Dinge wat Chris kon beleef."

Vir haar is dit 'n bonus dat sy en haar kinders steeds 'n goeie verhouding het noudat hulle volwasse is. Simon is in die rekenaarbedryf en is onlangs getroud en Nina is 'n kunstenaar.

"'n Mens dink jou verhouding met hulle gaan verander as hulle uit die huis is, maar hulle is nog in die kamers van >

SARIE
01 Jun 2011, p.58

'IN EKONOMIE WIL JY MET DIE MINSTE INSETTE DIE GROOTSTE WINS EN IMPAK MAAK. DIS WAT EK MET WOORDE PROBEER DOEN'

Christopher Torr

< my hart en dit word net lekkerder."

Sy vertel hoe Chris vir die kinders harmonie in die huis geskep het wanneer sy op toer was.

"My loopbaan was 'n gesamentlike besluit deur ons albei ter wille van die gesin. Ons het besluit om saam te werk om dit te láát werk. Ek het geweet Simon en Nina is veilig en geborge. Hy was 'n *hands-on* pa en is dit steeds."

Chris spot dat hy Laurika belowe het hy sal nie sing nie, solank sy nie haar hand aan sy vakgebied, die ekonomie, waag nie.

"Ons wêrelde was albei veeleisend en dit het baie verskil," sê sy. "Maar hy het my meer ondersteun as ek vir hom omdat ek sy veld nie noodwendig verstaan het nie en hy wel by myne aansluiting kon vind."

Chris gee nie meer klas by universiteite nie, maar praktiseer nog as ekonoom.

"Dit verskil nie so baie van liedjies skryf nie," verduidelik hy. "In ekonomie wil jy met die minste insette die grootste wins en impak maak. Dit is dieselfde wat ek met min woorde probeer doen. Maksimum trefkrag met die minimum woorde."

Dit is Chris se eerste musiekblyspel en hy het die storie gegrond op die verhaal wat die liedjie "Stuur groete aan Mannetjies Roux" vertel.

"Dit gaan oor 'n jong meisie, Engela, wat by haar oom en tante op hul Karooplaas gaan kuier. Die woorde 'My oom drink koffie en my tannie tee' vertel van die uiteenlopendheid van die karakters. Die oom is 'n eksentrieke man wat enige tyd begin praat oor dáái drie van Mannetjies Roux in 1962 in die rugbytoets tussen die Springbokke en die Britse Leeus."

Wat 'n liedjie en ook die musiekblyspel suksesvol sal maak, is dat mense met die storie kan identifiseer.

"Ons het almal eksentrieke karakters en grappe en stadslegendes in ons families," sê Chris. "Ek kan nie wag om my teks op die verhoog uitgebeeld te sien nie. Dis altyd so met 'n liedjie ook. Dis anders om iemand anders se vertolking van jou eie woorde te hoor."

Vir die openingsaand sal die einste Mannetjies Roux en sy vrou, Charlotte, ook in die gehoor wees. Sedert Laurika die liedjie begin sing het, het sy en Chris vriende met Mannetjies-hulle geword.

"Ek was absoluut *star struck* toe ek hom die eerste keer ontmoet het," vertel sy. "Hier voor my het die man gestaan waaroor tydskrifte en koerante geskryf het toe ek 'n kind was. Hy dwing 'n stil gesag af en dit is vir my 'n eer om hom as deel van my lewe te hê."

Laurika sing nie al die liedjies nie. Sy is die verteller as die volwasse Engela. Op die verhoog speel die verhaal af van die jeugdige Engela wat op die plaas gaan kuier.

Vir Laurika het elkeen van die liedjies wat vir die musiekblyspel gekies is 'n spesiale betekenis. Uit haar 22 albums is daar onder meer "Stille Waters", "Die ballade van Jakob F. de Beer", "My ou tante Koba" en 'n paar wat nie deur haar of Chris geskryf is nie, soos "Wintersprokie" van Richard van der Westhuizen en Lochner de Kock.

Sy vertel die vervaardiger Johan Badenhorst se vrou, Alma, het die idee vir die musiekblyspel gekry tydens 'n gesprek oor hoeveel haar kinders *Mamma Mia!* geniet het en hoe ou treffers gebruik is om 'n nuwe stuk te skep.

Laurika het net lof vir die span agter die stuk – Johan, saam met wie sy al aan 'n dokumentêre TV-musiekprogram vir kykNET gewerk het, regisseur Paul Eilers, die musiekregisseur Clinton Zerf en die beligtingsontwerper Mannie Manim. Akteurs soos Isadora Verwey, Deon Lotz, Ilse Klink, Nicole Holm en verskeie ander kunstenaars is ook betrokke.

"Ons is 'n ongelooflike netwerk van produksiemense, musikante en sangers wat mekaar ondersteun."

Sy sien uit na die verskillende wisselwerkings met die gehoor elke aand, en kry steeds lekker as sy deur die reaksie van die gehoor terugvoer kry, soos die lengte en die volume van hul applous.

"Selfs die stilte van die gehoor spreek tot my. Van die stilste gehore is diegene wat hulle die diepste inleef en jou dan 'n staande applous sal gee. Dit is vir my opwindend om ná soveel jare weer by 'n teaterproduksie betrokke te wees en om Chris saam met my te hê. Dis soveel anders as om sy liedjies te sing. Hier is ons sáám betrokke. Dit is wat my deur die uitputtende maande wat voorlê, gaan dra – die saampraat en ontlading."

ons is anders maar tog dieselfde
ek is ek en jy is my beter helfte

*** Die musiekblyspel *Stuur groete aan Mannetjies Roux* open op 19 Mei in die Atterbury-teater in Pretoria en is in Junie en Julie ook te sien by Kunstekaap in Kaapstad, Emperors Palace in Johannesburg en die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein. Kaartjies kan bespreek word by Computicket.**

*** Op die openingsaand word ook 'n versamel-CD bekend gestel met Laurika se oorspronklike weergawes van die liedjies van die musiekblyspel, en drie splinternuwe liedjies.**